# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

16 November 2025



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie welkom by vandag se eredienste!

Kom beleef ook vanaand se besonderse Kerssangdiens...
Bring gerus familie en vriende saam!



## Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens

Hoogland het vanoggend die voorreg om **Mondré Greeff** seuntjie van Ruan en Simoné te doop.

18:30 Kerssangdiens 2025: Ds Pieter

*Deurkollekte: Gemeentebediening*

## Program vir die week

**Maandag: 17 November 2025**
10:00 Gebedsaksie

**Woensdag: 19 November 2025**
18:30 WOW

**Vrydag: 21 November 2025**
05:15 Mannebediening

## Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Indien jy vandag vir die eerste keer saam met die **Hoogland Geloofsfamilie** kuier, is dit lekker om vir **JOU** te sê: **Baie welkom!**

Kom maak asseblief ná afloop van die erediens kennis met die **Gemeentedienstedame by die Hoofdeur**, sodat sy jou besonderhede kan kry.

**Matrieks,** vir baie is hierdie week die laaste groot leer en lê daar nou 'n blink toekoms oop voor jou!

**Hoogland bid steeds saam vir:** Lewenswetenskappe, Drama, Geografie, IGO, Ekonomie, Toerisme, Landbouwetenskap en Afrikaans V2




**Woensdag, 19 November 18:30**
Moenie hierdie week se WOW mis nie!

Dis die laaste geleentheid in hierdie besondere reeks. 'n Aand vol verwondering oor God se Grootheid en die belewenis van God se teenwoordigheid wag op jou.

Al kon jy nie die vorige byeenkomste bywoon nie – is jy steeds **baie welkom** om saam te kom kuier.

Bespreek asseblief deur *WOW*, jou naam en die aantal mense wat saamkom te *WhatsApp* na **079 815 9325**.

## Divorce Care @ Hoogland


As hierdie jaar vir jou die pynlike pad van egskeiding gebring het en jy wonder hoe jy deur die Feestyd gaan kom… kom kuier saam en kry hoop by:

**Surviving the Holidays**

**25 November om 18:30**

**R100 (boekie & koffie ingesluit)**

Stuur 'n *WhatsApp* aan Aletheia 082 227 7105 teen 23 November om jou plek te bespreek.




## Seisoen van Gee @ Hoogland



Hierdie Kersseisoen wil Hoogland graag iets besonders doen: die harte van bejaardes wat dalk hierdie Kersfees alleen is en die versorgers van Eluthandweni, met iets lekker bederf.

Elkeen word genooi om deel te word van hierdie mooi gebaar. Wanneer jy jou Kers-inkopies doen, koop sommer 'n ekstra *bederfie* en gee dit af by die Kantoor of Sondae by Gemeentedienste. Jou klein bydrae kan 'n groot glimlag bring!

Hoogland maak graag hierdie bederfpakkies op met:

- Pakke / bokse koekies of tuisgebakte koekies
- Lekker beskuit - gekoop of tuisgebak
- Lekkernye - dalk 'n pak *All Sorts* of *Winegums* of selfs 'n baksel *fudge*
- Sjokolades - sommer 'n groot *slab* sjokolade om te geniet
- Droë vrugte / vrugterolle / ens
- Aanmaak koeldrank / sap

As jy weet van 'n bejaarde wat hierdie Kersseisoen alleen gaan wees, laat weet asseblief die Kantoor. Laat geloof deur liefde dade word van liefde tydens hierdie Feesseisoen.

- Skakel die Kantoor
- Stuur 'n *WhatsApp* met "Seisoen van Gee" en die persoon se naam, kontak-nommer en adres
- Of voltooi die vorm by Gemeentedienste



# Uit die hart … Wanneer alles stil word …

*""Die Woord het mens geword en onder ons kom woon."*
*– Johannes 1:14*

Dis asof alles teen die einde van die jaar bietjie begin asemhaal. Nie skielik nie. Stadig maar seker, soos die son wat langer oor die horison bly hang en die wêreld wat vir 'n oomblik ophou jaag.

Party van ons dra dankbaarheid vir mooi dae, ander dra die moegheid van lang maande. Sommige glimlag maklik, ander soek nog rus. Tog, iewers tussen die gejaag en die verlang, kom daar weer 'n stilte - nie die stilte van niks nie, maar die stilte van genoeg. Dis wanneer ons ophou jaag en net vir 'n oomblik stil word, dat ons weer hoor: ***God is hier.***

Ons hoor dit in gewone dinge, die lag van kinders, die reuk van reën, 'n vriend se stem wat sê: "*Ek dink aan jou.*" Dis daar, in die klein goed, waar vrede weer kom lê.

Vir sommige was hierdie jaar lig; vir ander swaar. Maar almal van ons kan sê: ***God was daar.*** In dit wat uitgewerk het en in dit wat nie het nie. In die lag wat eg was en die stilte wat swaar was. Hy was daar - teenwoordig, getrou en naby.

*"God se teenwoordigheid is nie iets wat kom en gaan nie –*
*dis die grond waarop ons elke dag staan." – Dallas Willard*

Dis hoekom Johannes se woorde só diep tref: **"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon."** Dis nie net 'n mooi beeld nie. Dit is die waarheid. God het ons grond kom aanraak, ons asem kom deel en ons pyn kom voel. Hy het nie net gekyk nie. Hy het gekom om te bly.

Daarom is Kersfees nie net 'n herinnering aan Betlehem nie, maar 'n verklaring van geloof: God kies steeds om tussen gewone mense te woon. Hy bring vrede. Vrede wat nie van buite kom nie, maar van binne. Luister mooi wanneer die wêreld weer stil raak, in die stilte hoe God sag fluister: "*Ek is hier. Ek was nog altyd hier.*"

So, wanneer die eerste note van '*Stille Nag*' weer die stilte vul, mag ons dit nie net hoor nie, maar mag ons dit voel. Voel hoe God self weer kom woon: hier, by ons, in ons huise, in ons stories, in elke hart wat oop is vir Sy vrede.

Want Hy is genoeg. Hy is lig in die donker en in die stilte van Sy teenwoordigheid — **die stilte voor die Halleluja** — word ons Halleluja weer lewendig.

**Sunell**

# ‘n Diep uit die hart uit DANKIE…

Soms kan ’n eenvoudige “dankie” nooit genoeg sê nie… want die waardering wat mens voel is net te groot.

**Baie, baie dankie** aan elkeen wat op sy eie, besondere manier gehelp het om van hierdie Kerssangdiens ’n stille en kosbare belewenis te maak. Dankie vir idees, planne wat gemaak is, gebede, ure se saam beplan en vir elke noot wat met soveel liefde geoefen is.

Hoogland waardeer jou van harte – jou bydrae het hierdie aand regtig besonders gemaak!

## SPESIALE DANKIE AAN:

Hanlie Young - Musiekleier
Karika le Roux - Solis
Tiaan Uys - Baskitaar / Klarinet
Anél Young - Franse Horing
Tuan Thalla - Trompet
Tristan Henderson - Trompet
Quinn Kakora - Tuba
Kirsty Limbert - Fluit
Lillian Zeelie - Fluit
Simon Cameron - Perkussie

Kinder-Instrumentaliste: MJ Bonthuys, Lizerie Nel, Janno Nel, Rigardt Moore, Isabella Scott, Leah Hurter, Mia Moolman en Elsje Human

Richard Moore & Margy Botha - Voorsangers
Keenan Greeff - Klank
Estienne Cronje - Data
Carla Cronje - Kamera
Bianca van den Berg - Beligting
Susan Viljoen - Uitstalling in die Voorportaal

Hoogland se personeel - vir ál julle hulp met die voorbereiding en die regstaan met die dienste.

**Pieter**

# Uit Hoogland se Hart ...







